

Die COVID-19-pandemie en strukturele kwesbaarheid van dagloners in Windhoek, Namibië

Derick Blaauw, Anmar Pretorius en Rinie Schenck

Derick Blaauw en Anmar Pretorius, Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, Noordwes-Universiteit;
Rinie Schenck, Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Wes-Kaapland

Opsomming

Nes haar bure in Suider-Afrika voer Namibië ook 'n stryd teen werkloosheid en gepaardgaande armoede. Die nuutste jeugwerkloosheidskoers is 46,1%. Soos in Suid-Afrika wend baie werkloos hulle tot die breër informele sektor en die informele werksoekstrategie van daglonerwerk. Die literatuur oor die daglonermark in lande soos die VSA en Suid-Afrika is baie goed ontwikkel, maar in Namibië is slegs enkele studies sover hieroor aangepak en almal meer as 'n dekade gelede. Die verlansaming in die Namibiese ekonomie tesame met die COVID-19-pandemie het 'n negatiewe impak op beide die formele en informele sektor, wat navorsing oor veral die moontlike effek op die informele ekonomie dringend noodsaak. Die doel van hierdie studie was dus tweeledig. Eerstens het dit ten doel gehad om die bestaande literatuur rondom die informele arbeidsmarkte van dagloners in Suider-Afrika uit te brei deur op Windhoek as die hoofstad van Namibië te fokus. Tweedens is die resultate as vertrekpunt gebruik om oor die moontlike impak van die COVID-19-pandemie op informele indiensname in Windhoek te besin. Die navorsingsontwerp vir die studie in Windhoek is op die gevestigde praktyke van soortgelyke studies in die VSA en Suid-Afrika geskoei. Die studie het gemengde-metode-navorsing aangewend en tydens die veldwerk is onderhoude met tagtig dagloners in Namibië oor drie dae in die tweede helfte van 2017 gevoer. Die resultate toon die strukturele kwesbaarheid van die dagloners in Windhoek. Daaglikse werkloosheid is gemiddeld meer as 80% en die inkome wat verdien word, laat die meerderheid van die dagloners in 'n staat van permanente armoede. Die COVID-19-pandemie en die afswaai in die Namibiese ekonomie kan verwoestende gevolge vir dagloners hê met diepgaande maatskaplike gevolge. Verdere navorsing en gepaste beleid gegrond op die uitkoms daarvan is dwingend noodsaaklik en moet onverwyld aandag geniet.

Trefwoorde: dagloners; informele indiensname; informele sektor; Namibië; Windhoek

Abstract**The COVID-19 pandemic and the structural vulnerability of day labourers in Windhoek, Namibia**

Namibia celebrated 30 years of independence in 2021. The COVID-19 pandemic has had disastrous economic consequences for Namibia, as it has for most countries. Like its neighbours, Namibia has macroeconomic problems to contend with, such as high levels of unemployment and poverty, with the associated social challenges. In 2013, 56% of the Namibian population survived on less than two USA dollars a day. The latest youth unemployment rate is 46,1%. Namibia's economy contracted by 6,5% (on a year on year basis) in the first quarter of 2021. This decline followed a downward revision of 5,9% in the last quarter of 2020. Unemployed people in Namibia (as in most developing countries) turn to the informal economy in an attempt to earn a living. According to the latest Namibian labour force survey (2016), which is available in the public domain, the informal employment rate of the country is 66,5%. Day labourers are a pertinent example in this regard. Individual unemployment forces many people to offer their labour on street corners and intersections and in front of hardware stores in an attempt to find temporary work for a day or a few days in order to make a living. Namibians refer to these work seekers as "street unemployed". This type of work seeking is characterised by very high levels of uncertainty about the possibility of finding employment and a significant variance in the income received for a day's work – *if* one becomes employed. The COVID-19 pandemic also adversely affected this sector in Namibia.

The purpose of this study was twofold: firstly, to expand the existing literature on the informal labour markets of day labourers in Southern Africa, focusing on Namibia's capital. The specific aim was to investigate the frequency of employment, the type of work, the income and the poverty profile of day labourers in Windhoek. The second aim was to use the information to reflect on the possible impact of the COVID-19 pandemic on informal employment in Windhoek.

In the decades since the pioneering work of Hart (1973) the literature has confirmed the permanent nature and emergence of informality in economies and labour markets in especially developing countries. Contrary to predictions based on accepted growth theories such as that of Rostow (1960), the informal economy clearly did not disappear as economies grew and developed. In the nearly 50 years since Hart's 1973 study, academic discourse has developed three theoretical models for explaining and analysing the different manifestations of the informal sector – each with its own implications and policy issues. The three frameworks are known as the dualistic approach, the structuralist approach (sometimes known as the neo-Marxist approach) and the legalistic approach (sometimes known as the neoliberal approach). The structuralist approach emphasises that the informal economy is suppressed and exploited by the formal economy. The legalistic approach explains the rise of the informal economy as a rational response to over-regulation in the formal economy. The dualistic approach views the informal economy as a possible safety net for low-skilled immigrants who migrate from rural to urban areas to earn an income in any way possible. It is evident from the available literature that the socio-economic position of day labourers in Windhoek was already under tremendous pressure two decades ago. It highlights the timely nature of this study to determine how these circumstances changed. As the capital of Namibia and the city with the largest population in the country Windhoek is indeed the administrative, commercial and industrial heartbeat of Namibia. The population of Windhoek was estimated at 431 000 in 2020 compared with

392 000 in 2017. The number of inhabitants is increasing due to a constant influx of migrants from all over Namibia. The absolute and relative size of the city meant that there would theoretically be enough day labourers who could be part of the research sample. Thanks to the work of Gonzo and Plattner (2003), the authors also knew that day labourers were indeed active in the city's local economy. This was also confirmed in informal conversations with Men on the Side of the Road (MSR), a non-governmental organisation that works very closely with the day labourers in Windhoek to improve their skills and help them to find jobs.

The research design for the Windhoek study is based on the established practices of similar studies in the United States of America and South Africa. It applied mixed-method research and during the fieldwork 80 day labourers were interviewed in Windhoek over three days during the second half of 2017. After completion of the fieldwork, all the questionnaires were examined to ensure that each questionnaire complied with the research standards in terms of completeness and readability. Questionnaires that were not legible or complete did not form part of the final data set. The data were captured in Excel and the subsequent analysis was performed in EVIEWS. The study adhered to strict ethical principles and approval was obtained from the relevant ethics committees of the North-West University and the University of the Western Cape with registration number 14/3/10.

The results show that almost all of the day labourers in Windhoek at the time of the study were male. Only 3,75% of the respondents had successfully completed their school career (matric) and only one day labourer had obtained an post-school qualification. Sixty-five of the 80 respondents indicated Oshivambo as their mother tongue. Eight of the day labourers were Afrikaans-speaking, two English-speaking, and five indicated Damara. The data furthermore confirmed that most day labourers (76) in Windhoek originated from inside Namibia. It represents (95%) of the respondents. Only one (1,25%) respondent was born in South Africa, two (2,5%) were from Angola and a one (1,25%) was originally from Zimbabwe. In terms of the success achieved in this job search activity the results are dismal. From Monday to Saturday the success rate of all of the day labourers standing on each particular day was never higher than 22% (on a Monday). In other words, on a Monday up to 78% of day labourers were unsuccessful in their attempts to obtain a temporary job. They could therefore be considered unemployed for the day. This figure increased during the week and on Friday was as high as 88%. The average daily unemployment rate from Monday to Saturday was 82%. Fewer day labourers stood on the street corners on Saturdays and even fewer on Sundays. The success rate on Sundays for the 25 day labourers who did stand seemed to be better, with 11 (44%) getting a job. Further investigation indicates that Sunday activities mostly do not include construction work, but rather gardening and loading and unloading. It also explains the difference in compensation between the activities. At least 75% of the day labourers' jobs in Windhoek in the week before the interview were broadly related to activities in the construction industry.

The COVID-19 pandemic and the downturn in the Namibian economy could therefore have devastating consequences for day labourers with a profound social and societal impact. For Namibia's relatively small open economy, which has been experiencing a protracted recession since the beginning of 2016, this crisis could not have struck at a worse time.

The results of this study indicate that the dim prospects for the construction industry will be nothing short of disastrous for the day labourers in Windhoek. In 2020 the direct impact of the COVID-19 pandemic on the construction industry was catastrophic for both the formal economy and informal workers such as day labourers. The sector shrank by 11,8% in 2020 after activities

in this sector drastically decreased due to the pandemic. In order to provide further context to the discussion, the income levels of day labourers were compared with the three official monthly poverty thresholds in Namibia in 2015/2016. The food poverty line, lower poverty line and higher poverty line (per person) were N\$ 293,10, N\$ 389,30 and N\$ 520,80 respectively. In a good month, between 2,6 and 12,8% of day labourers would have lived in poverty – if they had to take care only of themselves. In a bad month, the poverty rate rises to between 29,5 and 55,1%. In a good month, taking into account their dependents, the poverty rate was between 34,6 and 59%. It weakens significantly to between 78,2 and 87,2% in a bad month. The structural vulnerability of day labourers in Windhoek was therefore already clear in 2016. The impact of Namibia's macroeconomic reality and the COVID-19 pandemic could plunge even more unemployed day labourers into absolute poverty with all the associated socio-economic consequences. This situation is not likely to improve any time soon. Further research and appropriate evidence-based social policies are urgently needed and require immediate implementation.

Keywords: day labourers; informal employment; informal sector; Namibia; Windhoek

1. Inleiding en doel van die studie

Namibië het in 2021 dertig jaar van onafhanklikheid gevier. Soos haar buurlande voer Namibië ook 'n stryd teen makro-ekonomiese probleme soos hoë vlakke van werkloosheid, armoede en gepaardgaande maatskaplike uitdagings (Humavindu en Stage 2013). Volgens Humavindu en Stage het 56% van die Namibiese bevolking ten tye van hulle studie van minder as twee Amerikaanse dollar per dag geleef. Onlangse statistieke toon voorts dat Namibië se jeugwerkloosheidskoers so hoog as 46,1% is (Tradingeconomics 2021a). Die COVID-19-pandemie het, soos in die meeste lande, ramspoedige ekonomiese gevolge vir Namibië gehad. Die ekonomie van Namibië het in die eerste kwartaal van 2021 op 'n jaargrondslag met 6,5% gekrimp, ná 'n afwaartse hersiene daling van 5,9% in die laaste kwartaal van 2020 (Tradingeconomics 2021b). Dit was die vyfde agtereenvolgende kwartaal van dalings in die bruto binnelandse produk te midde van die voortslepende pandemie en die ekonomiese krisis wat die gepaardgaande inperkings tot gevolg het. Die dalende neiging het in al die belangrikste sektore van die Namibiese ekonomie voorgekom, naamlik konstruksie (-23,9%), vervaardiging (-22,3%), mynbou- en steengroef-aktiwiteite (-19,0%), finansiële dienste (-13,8%), hotelle en restaurante (-12,0%), vervoer en berging (-8,7%) en groot- en kleinhandel (-8,2%) (Tradingeconomics 2021b).

Die afname in ekonomiese aktiwiteite tref nie net die formele ekonomie nie, maar het ook besliste gevolge vir die informele ekonomie. Werklose mense in Namibië wend hulle (soos in die meeste ontwikkelende lande) tot die informele ekonomie in 'n poging om wel 'n inkome te kan probeer verdien. Volgens die nuutste Namibiese arbeidsmagopname (2016), wat in die publieke domein beskikbaar is, is die informele indiensnemingskoers van die land 66,5% (Namibia Statistics Agency 2016a). Hierdie statistieke toon die belangrike rol van informele werk in Namibië vir mense om vir hulself en hul gesinne te sorg. Die COVID-19-pandemie het in alle waarskynlikheid dus ook hierdie sektor in Namibië (net soos in Suid-Afrika) uiters nadelig geraak (Rakabe 2020).

Dit geld veral vir die talle werklose mense wie se bestaansekerheid in die informele ekonomie direk gekoppel is aan die prestasie van die formele ekonomie. Dagloners is 'n pertinente voorbeeld in hierdie verband (Louw 2007; Blaauw, Botha en Schenck 2018). Individuele werkloosheid dwing talle mense in Suid-Afrika en Namibië om hul arbeid op straathoeke en kruisings en voor hardewarewinkels aan te bied in 'n poging om vir 'n dag of enkele dae tydelike werk te bekom om sodoende 'n bestaan te kan maak en vir hul gesinne te sorg (Gonzo en Plattner 2003; Blaauw 2010). Namibiërs verwys na hulle as “straatwerkloses” (Gonzo en Plattner 2003:41) en in Gauteng, Suid-Afrika, word hulle soms “diegene wat stukwerk doen” genoem. Ander plekke in Suid-Afrika gebruik ander terminologie. In die Noord-Kaap hoor 'n mens byvoorbeeld van mans wat 'n “skroppie” vra (Louw 2007:10).

Hierdie aktiwiteit word gekenmerk deur baie hoë vlakke van onsekerheid oor die moontlikheid van indiensneming en beduidende variansie in die inkomste wat die dagloners vir 'n dag se werk sal ontvang – indien hulle wel in diens geneem word (Blaauw e.a. 2018; Theodore, Blaauw, Pretorius en Schenck 2017). Hierdie dubbele onsekerheid tesame met die negatiewe effek wat lang tydperke sonder werk en dus inkomste op mense se sielkundige welstand kan hê (Diener en Chan 2011), vereis dringende aandag van navorsers op verskeie vakgebiede.

Die literatuur rondom dagloners is goed ontwikkel in lande soos die VSA en Suid-Afrika. Navorsing in Namibië is egter baie beperk, soos die onderstaande literatuurstudie bewys. Die doel van hierdie studie was dus tweeledig. Eerstens het dit ten doel gehad om die bestaande literatuur rondom die informele arbeidsmarkte van dagloners in Suider-Afrika uit te brei deur in dié geval die fokus op Namibië se hoofstad te vestig. Die spesifieke doel was om die frekwensie van indiensneming, die tipe werk, die inkomste en die armoedeprofiel van dagloners in Windhoek te ondersoek. Die tweede doel was om die inligting as vertrekpunt te gebruik om te besin oor die moontlike impak van die COVID-19-pandemie op informele indiensname in Windhoek.

Die res van die artikel bestaan uit 'n kort bespreking van die teoretiese raamwerk wat as vertrekpunt van die artikel dien; 'n oorsig van die bestaande literatuur oor dagloners (spesifiek in Namibië); die navorsingsmetodologie wat in die studie gevolg is; die empiriese analise; 'n bespreking van die resultate; gepaste gevolgtrekkings; en ten slotte voorstelle betreffende moontlike verdere studies.

2. Teoretiese raamwerk as vertrekpunt

In die dekades sedert die baanbrekerswerk van Hart (1973) het 'n reeks studies verskyn wat die permanente aard en opkoms van informaliteit in ekonomieë en arbeidsmarkte in Latyns-Amerikaanse en ander ontwikkelende lande bevestig het (Yusuff 2011). In teenstelling met die voorspellings ingevolge aanvaarde groeiteorieë (Rostow 1960) van die era het die informele ekonomie duidelik nie verdwyn namate ekonomieë gegroei en ontwikkel het nie.

Die akademiese diskoers het in die byna 50 jaar sedert Hart (1973) se studie verskillende teorieë oor die ontstaan en rol van die informele ekonomie ontwikkel (Yusuff 2011). Daar is hoofsaaklik drie moontlike teoretiese modelle om die verskillende manifestasies van die informele sektor mee te verklaar en te analiseer – elk met sy eie implikasies en beleidskwessies (Chen, Vanek en Heintz 2006; Wilson 2011). Die drie raamwerke staan bekend as die dualistiese

benadering, die strukturalistiese benadering (soms bekend as die neo-Marxistiese benadering) en die wettiese benadering (soms bekend as die neoliberale benadering) (Chen e.a. 2006; Wilson 2011).

Die strukturalistiese benadering beklemtoon dat die informele ekonomie onderdruk en deur die formele ekonomie uitgebuit word (Chen e.a. 2006; Wilson, 2011). Die wettiese benadering verklaar die opkoms van die informele ekonomie as 'n rasonale reaksie op oorregulering in die formele ekonomie (De Soto 1989; Saunders 2005).

Die dualistiese benadering beskou die informele ekonomie as 'n moontlike veiligheidsnet vir laaggeskoolde immigrante wat van die landelike na die stedelike gebiede migreer en op enige moontlike manier 'n inkome wil verdien (Guha-Khasnabis en Kanbur 2006; Wilson 2011; Crush, Chikanda en Skinner 2015). Daar is besliste elemente daarvan in die informele sektor te sien in Suid-Afrika en Namibië (Gonzo en Plattner 2003). Baie immigrante vanaf ander lande in Suider-Afrika vind 'n heenkome in Suid-Afrika in die informele ekonomie as dagloners, motorwagte en informele afvalverkopers (Blaauw 2010; Theodore e.a. 2017; Foster en Chasomeris 2017; Kistan, Ntlebi, Made, Kootbodien, Wilson, Tlotleng, Kgalamono, Mathee en Naicker 2020). Dié teorie lei tot twee vrae in die literatuur wat uit die denkraamwerk voortgevloei het. Die eerste is of die informele ekonomie as sodanig 'n lewensvatbare alternatief vir formele indiensneming kan bied (McKeever 2007). Die tweede, verwante vraag is of die informele ekonomie in tye van ekonomiese afswaai as 'n skokbreker of veiligheidsnet kan dien om mense te akkommodeer wat hulle werk in die formele sektor verloor het. Dit is dan ook vanuit hierdie perspektief dat die informele daglonermark in Windhoek in die artikel ondersoek word. In die volgende afdeling bespreek ons die tersaaklike literatuur vanuit hierdie teoretiese perspektief en vraagstukke.

3. Oorsig van tersaaklike literatuur

Hoewel die daglonermark 'n wêreldwye verskynsel is, is die meeste formele studies oor hierdie onderwerp in die VSA gedoen. Die literatuur se oorsprong is verkennende studies in spesifieke stede (byvoorbeeld dié van Valenzuela jr. 2003). Die seminale studie in die Amerikaanse literatuur is die eerste omvattende studie in die VSA wat in 2004 deur Valenzuela jr., Theodore, Meléndez en Gonzalez (2006) gedoen is. Die resultate het getoon dat daar op enige gegewe dag in 2004 nagenoeg 117 600 werkers óf vir die dag werk gesoek het, óf as dagloners gewerk het (Valenzuela e.a. 2006:iii). Talle dagloners (veral Latyns-Amerikaanse immigrante) het die daglonermark gebruik om tydelike werk in die konstruksiebedryf in Amerikaanse stede te bekom (Theodore, Blaauw, Schenck, Valenzuela jr., Schoeman en Meléndez 2015).

Met dié studie as basis is verskeie opvolgstudies in die VSA gedoen. Hierdie reeks studies het verskillende aspekte van die daglonermark in die VSA ondersoek. Dagloners geniet min of geen beskerming ingevolge wetgewing met betrekking tot werkplekbeterings nie (Meléndez, Visser, Valenzuela jr. en Theodore 2016). In 'n volgende belangrike ontwikkeling het verskeie navorsers gepoog om moontlike oplossings te vind om die weerloosheid van dagloners aan te spreek. Die belangrike rol van werkersentra in die verbetering van die arbeidsmarktoestande en uitkomst van dagloners in die VSA het duidelik uit die studies geblyk (Theodore, Valenzuela jr. en Meléndez 2009; Visser 2017; Visser, Theodore, Meléndez en Valenzuela jr. 2017; Theodore 2020).

Benewens berigte in die plaaslike media het die eerste verkennende studie in Suid-Afrika in Elarduspark, Pretoria plaasgevind. Schenck en Louw (2005) het verkennende gesprekke met die dagloners gevoer in 'n poging om hul herkoms en aktiwiteite vanuit 'n maatskaplikewerkspektief beter te verstaan. Hierdie studie het die weg gebaan vir 'n vollediger sosio-ekonomiese ondersoek van die hele Pretoria deur Blaauw, Louw en Schenck (2006) in 2004. Dagloners in die studie het dikwels onder moeilike omstandighede gewerk en hulle inkome was nie genoeg om hul gesin en ander afhanklikes te onderhou nie (Blaauw e.a. 2006). Die landswye studie van Blaauw (2010) saam met Rinie Schenck was die eerste vergelykbare studie met die landswye Amerikaanse studie van Valenzuela jr. e.a. (2006). Die studie van Blaauw (2010) het belangrike provinsiale verskille in die Suid-Afrikaanse dagloners se situasie uitgewys en ook die rol van Zimbabwiese en ander immigrante uit Suider-Afrika aan die orde gestel. Verskeie outeurs, onder andere Blaauw, Pretorius, Schoeman en Schenck (2012) en Blaauw, Schenck, Pretorius en Schoeman (2017), het vervolgens spesifiek op hierdie aspek gefokus. Die nuutste studie met immigrasie as tema in die daglonerliteratuur in Suid-Afrika is die onlangse meestersgraadstudie van Smith (2020) waar hy die lewensomstandighede van veral immigrante wat as dagloners in Mbekweni (Paarl) in die Wes-Kaap werk, verder ondersoek. Benewens die immigrante-aspek, het Smith (2020) ook sosiale geregtigheid en die weerloosheid van dagloners aan die orde gestel.

Voor Smith (2020) se studie het twee ander onlangse meestersgraadstudies oor die daaglikse lewens en stryd van dagloners in twee Suid-Afrikaanse stede verskyn. Xweso (2019) en Mapendere (2019) het die risiko's en veerkragtigheid van dagloners in Oos-Londen en Kaapstad ondersoek. Die beskikbaarheid van werksgeleenthede in Kaapstad was opmerklik beter as in Oos-Londen. Dit beklemtoon die ongelykhede van die twee provinsiale ekonomieë en die gevolglike ongelykhede in die daglonermark.

Daglonerwerk bestaan inderdaad in verskeie ander Afrikalande, maar in hierdie lande is baie min formele navorsing hieroor tot dusver gedoen. Een van die redes hiervoor is die hoë koste verbonde aan hierdie tipe primêre navorsing en die insameling van data wat dit vereis. Hierdie tipe navorsing is arbeidsintensief en verg aansienlike investering van fondse in die werwing en opleiding van veldwerkers. Bedryfsuitgawes, soos reis en verblyf verhoog die koste verbonde aan hierdie tipe navorsing nog verder (Blaauw 2010).


Ons literatuurstudie het slegs enkele vorige studies in die res van Suider-Afrika opgelewer. Hulle word vlugtig hier onder bespreek.

Mosala en Blaauw (2009) het gedurende 2008 'n verkennende mikrostudie onder dagloners in Maseru, Lesotho, gedoen. So byvoorbeeld was die mediaan in antwoord op die vraag met betrekking tot die laagste dagloon wat 'n respondent gedurende die 12 maande voor die onderhoud ontvang het, R30. In antwoord op die vraag wat die hoogste dagloon gedurende dieselfde tydperk was, was die mediaan R35. Beide is laer as die mediaan van R40 wat aangedui is as die minimumdagloon waarvoor dagwerkers in Maseru in 2008 gewillig was om te werk (Mosala en Blaauw 2009:4).

Wat Namibië betref, het Gonzo en Plattner in 2003 'n studie oor 160 dagloners in Windhoek gepubliseer. Die studie het op die sosiologiese en sielkundige impak van lang periodes van werkloosheid onder die dagloners gefokus, maar verskeie van die bevindinge is ook vir hierdie studie van belang. Gonzo en Plattner (2003:52–3) het bevind dat ongeveer 61% van die dagloners in hulle Windhoek-studie voorheen formele werk gehad het. 'n Groot aantal van

hulle het dié werk meer as drie jaar tevore verloor en kan as langtermynwerkloos beskou word. Dit stem grootliks ooreen met die bevinding van Blaauw e.a. (2006) in Pretoria in 2004, waar net meer as 50% ook voorheen 'n formele betrekking gehad het voordat hulle dit verloor en dagloners geword het. Schenck en Blaauw (2008) het hierdie en ander ooreenkomste en verskille in die sosio-ekonomiese omstandighede van dagloners in Windhoek en Pretoria in 'n afsonderlike artikel ondersoek. Soos in die geval met die dagloners in Pretoria in 2004 het 'n groot aantal van die dagloners in Windhoek in die studie van Gonzo en Plattner (2003) hul formele werk reeds meer as drie jaar vantevore verloor en kon hulle inderdaad as langtermynwerkloos beskou word (Schenck en Blaauw 2008). Die resultate van Schenck en Blaauw se studie het ook getoon dat dit vir dagloners in Suid-Afrika en Namibië baie moeilik sal wees om weer vanuit die informele ekonomie terug te beweeg na die formele ekonomie (Schenck en Blaauw 2008:91).

Die beskikbare literatuur het getoon dat dagloners in Windhoek betaal is wanneer die ooreengekome taak voltooi is. Hierdie bedrag het dikwels nie verband gehou met die hoeveelheid tyd wat dit geneem het om die taak af te handel nie (Gonzo en Plattner 2003). Figuur 1 toon 'n verspreiding van die lae vlakke van inkomme wat die dagloners in 2003 ontvang het.



Figuur 1. Inkomste per taak deur dagloners in Windhoek ontvang, 2003

Bron: Gonzo en Plattner (2003:64)

Gonzo en Plattner (2003:64) het hulle resultate soos volg opgesom:

Three quarters of the investigated “street unemployed” earn less than N\$30 per job, a shocking result, especially in light of the fact that the majority of the respondents either get only one job per week or nothing at all. In addition, 83% of the respondents declared that they have no other means of income. These income figures are better understood when one considers that Windhoek is one of Africa’s most expensive cities and N\$30¹ per week is by far not enough for food, let alone accommodation and other basic needs.

Uit die beskikbare literatuur blyk dit dus dat die sosio-ekonomiese posisie van dagloners in Windhoek reeds amper twee dekades gelede onder geweldige druk was. Dit beklemtoon die tydige aard van hierdie studie om te bepaal hoe hierdie omstandighede verander het. Die volgende afdeling verskaf kortliks die agtergrond rakende Windhoek as gekose gebied vir die navorsing – benewens die moontlikhede van vergelyking soos pas aangedui.

4. Agtergrond rakende Windhoek as gekose gebied vir die navorsing

Windhoek is die hoofstad van Namibië en ook die stad met die grootste bevolking in die land. Windhoek is inderdaad die administratiewe, kommersiële en industriële hartklop van Namibië. 'n Studie tydens onafhanklikheidswording in 1992/93 het geraam dat Windhoek meer as die helfte van die nielandbou-indiensneming in Namibië verskaf (City of Windhoek 1996). Dit is steeds die geval. Die bevolking van Windhoek in 2020 was na raming 431 000 teenoor 392 000 in 2017. Die aantal inwoners neem voortdurend toe vanweë 'n konstante invloed van migrante uit die hele res van Namibië (Macrotrends 2021). Die absolute en relatiewe grootte van die stad het meegebring dat daar teoreties genoeg dagloners sou wees wat deel van die navorsing sou kon uitmaak. Danksy die werk van Gonzo en Plattner (2003) het die outeurs ook geweet dat daar beslis dagloners in die stad se plaaslike ekonomie werksaam was. Dit is ook bevestig in informele gesprekke met Men on the Side of the Road (MSR). MSR is 'n nieregerings-organisasie wat baie nou saamwerk met die dagloners in Windhoek in 'n poging om hulle vaardighede te verbeter en hulle te help om werk te bekom.

5. Navorsingsmetodologie

Die navorsingsontwerp vir die studie in Windhoek is geskoei op die voorafgaande literatuur-oorsig en die gevestigde praktyke van soortgelyke studies (Valenzuela jr. e.a. 2006) onder dagloners in die VSA en Suid-Afrika (Blaauw e.a. 2006; Blaauw 2010). Die studie het gebruik gemaak van gemengde-metode-navorsing. Die navorsingsinstrument was 'n vraelys met meestal kwantitatiewe vrae, maar ook kwalitatiewe elemente in die bestaande vrae waarop die respondente kon uitbrei en hulle persoonlike lewenservaringe rondom hulle bestaan as dagloners kon meedeel. Hoewel die vraelys geskoei was op die een wat in bogenoemde studies gebruik is, is verskeie van die vrae aangepas en verbeter – die vrae rondom inkome van die studies van Blaauw e.a. (2006) en Blaauw (2010) is byvoorbeeld aangepas om meer inligting betreffende die frekwensie van werkverkryging en lone per uur moontlik te maak. Afdelings van belang vir die studie was veral die werksgeskiedenis, inkome, werksomstandighede en behuising, asook die situasie by die bymekaarkomplekke.

In die beplanning van die navorsing was dit nodig om kreatief te werk te gaan om die grootte van die navorsingspopulasie te bepaal, aangesien daglonerwerk in baie opsigte 'n unieke arbeidsmagaktiwiteit is (Blaauw e.a. 2006). Dagloners is byvoorbeeld reeds van vroeg die oggend af aanwesig op die spesifieke straathoeke en plekke waar hulle wag met die hoop om 'n tydelike werksgeleentheid te kry (Louw 2007; Blaauw 2010). Die navorsing moes dus ook baie vroeg in die dag plaasvind om seker te maak dat die opname getrou is met betrekking tot die aantal dagloners teenwoordig by elke plek waar hulle bymekaarkom en om seker te maak die steekproef is akkuraat (Louw 2007:60).

Vir die doeleindes van die studie is die navorsingspopulasie gedefinieer as dagloners wat informeel by straathoeke en verkeersligte en voor hardewarewinkels in Windhoek saamkom met die hoop om 'n tydelike werk vir die dag of 'n paar dae te bekom. Hierdie werksdefinisie stem ooreen met die werk oor dagloners in die VSA en Suid-Afrika (Valenzuela jr. e.a. 2006; Louw 2007; Blaauw 2010). Die bepaling van die navorsingspopulasie en die uiteindelijke steekproef het eweneens ooreengestem met die bostaande studies as die beste praktiese metode om dagloners te identifiseer en te nader om aan die studie deel te neem.

Die eerste stap in die implementering van die navorsingstrategie was om al die plekke in Windhoek te identifiseer waar dagloners elke dag bymekaarkom. Vir dié doel is die strategie van Blaauw (2010) gevolg en twee van die outeurs het Windhoek ongeveer twee maande voor die veldwerk besoek, die stad deurkruis en al die bymekaarkomplekke gelys, getel hoeveel dagloners daar op die gegewe tyd is, en verkennende gesprekke met die dagloners gevoer waarin onder meer hulle bereidwilligheid om aan die studie deel te neem bevestig is.

Met die aanbreek van die veldwerk het ons Rachel Freeman van die Universiteit van Namibië se hulp ingeroep om te bevestig dat al die moontlike bymekaarkomplekke gedek sal word. Freeman se hulp was van groot waarde om seker te maak dat die navorsing so deeglik moontlik uitgevoer is.

Die volgende stap was die werwing en opleiding van veldwerkers. Die veldwerkers is gewerf onder afgestudeerde studente van die Universiteit van Namibië wat nog nie permanente betrekking kon bekom nie. Die navorsers het self die opleiding volgens die aanvaarde riglyne van Rubin en Babbie (1997:356–8) waargeneem. Demonstrasie en rolspel het deel van die opleiding uitgemaak. Veldwerkers is ook opgelei om hulle behoorlik aan die respondente voor te stel en die doel van die navorsing te verduidelik. Die veldwerk in Windhoek is oor 'n periode van drie dae in die tweede helfte van 2017 afgehandel.

Elkeen van die geïdentifiseerde bymekaarkomplekke is besoek. Al die dagloners wat teenwoordig was en gewillig was om aan die navorsing deel te neem, het deel van die uiteindelijke steekproef uitgemaak. Die steekproefmetode was volgens die amptelik aanvaarde definisie nie volmaak-ewekansig nie, maar ons het doelbewus elke dagloner wat ouer as 18 en gewillig was, die geleentheid gegee om deel van die steekproef uit te maak. Slegs enkele dagloners het verkies om nie aan die navorsing deel te neem nie. Die responskoers was dus meer as 90% en ons is vol vertroue dat die navorsingspopulasie so goed moontlik verteenwoordig is. Tagtig respondente het deel van die navorsing uitgemaak.

Ná voltooiing van die veldwerk is al die vraelyste ondersoek om seker te maak dat elke vraelys ten opsigte van volledigheid en leesbaarheid aan die navorsingstandaarde voldoen. Ten einde te verseker dat die resultate 'n akkurate weerspieëling van die navorsingspopulasie is, het vraelyste wat nie leesbaar of volledig was nie, nie deel van die finale data uitgemaak nie. Die data is in Excel vasgelê en die daaropvolgende analise is in Eviews uitgevoer.

Die studie het aan streng etiese beginsels voldoen. Ons het goedkeuring verkry van die betrokke etiekkomitees van die Noordwes-Universiteit en die Universiteit van Wes-Kaapland. Die respondente het die reg gehad om nie in die onderhoude en die studie ingesluit te word nie, en as hulle deelgeneem het, is hul identiteit heeltemal anoniem gehou. Die beginsel is reeds toegepas in die ontwerp van die vraelys, waar geen inligting gevra is wat die respondente kon identifiseer nie. Die Senaatsnavorsingskomitee van die Universiteit van Wes-Kaapland het die

metodologie en etiek van die beoogde navorsingsprojek goedgekeur met registrasienommer 14/3/10. Enige aanpassings, uitbreidings of ander wysigings aan die protokol moes vir goedkeuring aan die Etiekkomitee van die Universiteit van Wes-Kaapland voorgelê word. Die komitee moes in kennis gestel word van enige ernstige nadelige gebeurtenis en/of beëindiging van die studie.

6. Empiriese analise, resultate en bespreking

As vertrekpunt en konteks vir die empiriese analise van die data word die standaard-demografiese inligting ten opsigte van geslag, ouderdom, geskooldeheidsvlakke, moedertaal en land van herkoms hier onder aangebied. Dit word gevolg deur die resultate van die studie met betrekking tot die arbeidsmaguitkomste en gepaardgaande lewens en lewensomstandighede van dagloners in Windhoek.

6.1 Geslag, ouderdom, geskooldeheidsvlakke, moedertaal en land van herkoms

Dagloners in Windhoek was vir alle praktiese doeleindes uitsluitlik manlik (98,75%). Die ouderdomsverspreiding word in Tabel 1 voorgestel.

Tabel 1. Ouderdomsverspreiding van dagloners in Windhoek, 2017

Bron: Navorsingsdata – saamgestel deur outeurs

Kategorie	Ouderdom	Aantal dagloners	Persentasie (%)
1	Onder 20	0	0
2	20–25	10	12,5
3	26–30	20	25<
4	31–35	10	12,5
5	36–40	11	13,75
6	41–45	10	12,5
7	46–50	7	8,75
8	51–55	4	5
9	56–60	3	3,75
10	> 60	1	1,25
11	Wou nie antwoord	0	0
12	Het nie geweet nie	4	5
Gemiddelde ouderdom	36.44		
Mediaan	34		

Slegs 3,75% van die respondente het hulle skoolloopbaan (matriek) suksesvol voltooi en slegs een dagloner het 'n naskoolse kwalifikasie behaal. Vyf-en-sestig van die 80 respondente het Oshivambo as moedertaal aangedui. Agt dagloners was Afrikaanssprekend, twee Engelsprekend, en vyf se moedertaal was Damara.

Die data het getoon dat die meeste dagloners (76) in Windhoek uit Namibië self afkomstig is. Dit verteenwoordig 95% van die respondente. Slegs een (1,25%) respondent is in Suid-Afrika gebore, twee (2,5%) is van Angola afkomstig en 'n verdere een (1,25%) kom oorspronklik van

Zimbabwe. Dit dui op 'n belangrike verskil met dagloners in Suid-Afrikaanse stede soos Pretoria, waar studies in dieselfde tydperk aangedui het dat meer as die helfte van die dagloners in Pretoria en Kaapstad immigrante uit ander lande in Suider-Afrika is (Theodore e.a. 2017; Mapendere, Schenck en Blaauw 2019). Dis wel belangrik om in ag te neem dat die grootste deel (94,7%) van die dagloners in Windhoek in ander dele van Namibië gebore is. Interne migrasie, met die gepaardgaande uitdagings vir die interne migrante, is dus 'n belangrike konteks van die daglonermark in Windhoek.

In die volgende onderafdeling bespreek ons die arbeidsmaguitkomst van die dagloners se daaglikse soektog na tydelike werk.

6.2 Arbeidsmarkuitkomst van dagloners in Windhoek

'n Uitstaande kenmerk van die daglonermark in Suid-Afrika is die onsekere frekwensie van sukses vir dagloners wat elke dag op straathoeke bymekaarkom in 'n poging om tydelike werk te bekom (Theodore e.a. 2015; Theodore e.a. 2017; Schenck, Blaauw en Matthee 2020). Om te bepaal of hierdie situasie ook die lewens van dagloners in Windhoek geld, is respondente gevra om aan te dui op watter dae in die week wat die onderhoud voorafgegaan het, hulle wel daarin kon slaag om 'n tydelike werk te bekom. Tabel 2 som die resultate hiervan op.

Tabel 2. Daaglikse werkloosheidskoers (in die week wat die navorsing voorafgegaan het) van dagloners in Windhoek, 2017

Bron: Navorsingsdata – saamgestel deur outeurs

	Aantal dagloners wat staan	Aantal dagloners wat op die dag werk gekry het	Daaglikse werkloosheidskoers (%)
Maandag	68	15	77,9
Dinsdag	72	14	80,6
Woensdag	74	11	85,1
Donderdag	73	13	82,2
Vrydag	69	8	88,4
Saterdag	56	11	80,4
Sondag	25	11	56,0

Tabel 2 toon twee belangrike kenmerke van die daglonermark in Namibië. Die ongereeldheid wat die indiensnamepatrone van dagloners kenmerk, is eerstens opvallend. Van Maandag tot Saterdag is die sukseskoers van al die dagloners wat op elke betrokke dag staan, nooit hoër as 22% nie (op 'n Maandag). Anders gestel, op 'n Maandag is tot soveel as 78% van dagloners onsuksesvol in hul pogings om 'n tydelike werk te bekom. Hulle kan dus vir die dag as werkloos beskou word. Hierdie syfer word algaande hoër en op 'n Vrydag is dit so hoog as 88%. Die gemiddelde daaglikse werkloosheidskoers van Maandag tot Saterdag is 82%.

Voorts blyk dit uit die resultate dat minder dagloners op Saterdag en nog minder op Sondag langs die straathoeke staan en probeer om 'n tydelike werk te bekom. Die sukseskoers op Sondag vir die 25 dagloners wat wel op Sondag staan, blyk beslis beter te wees, met 11 (44%) wat wel 'n werk bekom het. Gevolglik ontstaan die vraag watter tipe werk hulle op Sondag gekry het, aangesien die dagloners aangedui het dat hulle inkome op 'n Sondag minder as die helfte is as wat die dagloners op 'n Maandag sou kon verdien indien hulle werk kon kry. Verdere ondersoek toon dat Sondag se aktiwiteite meestal nie konstruksiewerk insluit nie, maar

eerder tuinwerk en die op- en aflaai van vragte. Dit verklaar ook die verskil in vergoeding tussen die aktiwiteite.

Die verskillende tipes werk wat die dagloners verrig het in die week wat die onderhoud voorafgegaan het, is ook in besonderhede ondersoek en die resultate word vervolgens bespreek.

Tabel 3. Verskillende tipes werk van dagloners in Windhoek in die week wat die navorsing voorafgegaan het, 2017

Bron: Navorsingsdata – saamgestel deur outeurs

Soort werk	Aantal kere gehuur in laaste week per kategorie werk	% (uit totaal van 83 werksgeleenthede)
Messelwerk	1	1,2
Algemene konstruksiewerk	24	28,9
Aflewering	4	4,8
Tuinwerk	10	12,0
Op- en aflaai van vrag	14	16,9
Verfwerk	16	19,3
Lê van plaveisel	2	2,4
Loodgieterswerk	7	8,4
Teëlwerk	5	6,0
Totaal	83	100

Tabel 3 toon dat minstens 75% van die dagloners se werksgeleenthede in Windhoek in die week voor die onderhoud verwant was aan aktiwiteite in die breë konstruksiebedryf. Dit strook met bevindinge van ander internasionale en nasionale studies (Valenzuela jr. e.a. 2006; Blaauw 2010; Theodore e.a. 2015). Om te bevestig dat die tendens nie slegs in die week van die onderhoud van toepassing was nie, het die navorsers ook die respondente versoek om alle tipes werke of take waarvoor hulle die vorige maand in diens geneem is, te lys.

Altesaam 234 antwoorde op die vraag: “Watter soort werk het u verlede maand verrig?” is van die dagloners verkry. Tabel 4 som die resultate op. Al die aktiwiteite word in Tabel 4 gelys tesame met die aantal keer wat dit deur die respondente aangetoon is. Gevolglik dui die tabel nie aan hoeveel keer die betrokke taak verrig is nie. Een dagloner kon byvoorbeeld elke dag besig wees met konstruksiewerk en dan sou konstruksie slegs een keer getel word. ’n Ander dagloner kon byvoorbeeld net vyf keer gedurende die week gehuur word vir vyf verskillende take en sou dan vyf verskillende soorte werk rapporteer.

Tabel 4. Verskillende tipes werk van dagloners in Windhoek in die maand wat die navorsing voorafgegaan het, 2017


Bron: Navorsingsdata – saamgestel deur outeurs

Soort werk	Aantal keer gerapporteer	Persentasie (%)
Messelwerk	17	7,3
Motorwas	7	3,0
Algemene konstruksie-werk	45	19,2
Elektriese en verwante werk	10	4,3
Tuinwerk	24	10,3
Op- en aflaai van vrag	24	10,3
Ander	21	9,0

Verfwerk	49	20,9
Loodgieterswerk	14	6,0
Lê van plaveisel	10	4,3
Teëlwerk	9	3,8
Sweiswerk	4	1,7

Tabel 4 bevestig die belangrike rol wat Windhoek se konstruksiebedryf in die lewens van hierdie dagloners speel, asook die risiko wat dit vir die dagloners se vermoë om inkomste te genereer sou inhou indien die konstruksiebedryf onder druk sou kom.

Die feit dat die dagloners se daaglikse werkloosheidskoers toegeneem het namate die week gevorder het, het twee vrae meegebring: Eerstens, of dit belangrik sou wees om te probeer vasstel wat die minimum daaglikse loon is wat die dagloners sou beweeg om 'n werksaanbod te aanvaar (die *sg. reservation wage*), en tweedens of hierdie bedrag sou verander indien die dagloner byvoorbeeld in die vorige week geen werk kon kry nie. Twee vrae in die ondersoek het hierdie aspek aangespreek: Dagloners is gevra om aan te dui wat die minimum daaglikse loon was waarvoor hulle bereid was om te werk en met hoeveel dit sou daal indien hulle nie die vorige week in diens geneem is nie. Figure 2 en 3 stel die resultate grafies voor.




Figuur 2. Minimum daaglikse loon waarvoor dagloners in Windhoek bereid sou wees om 'n werksaanbod te aanvaar, 2017

Bron: Navorsingsdata – saamgestel deur outeurs

Figuur 2 toon die verspreiding van die minimum daaglikse loon waarvoor die dagloners in Windhoek bereid was om te werk. Die gemiddeld was net onder N\$250 met 'n minimum van N\$50 en 'n maksimum van N\$1000. Die mediaan van N\$200 dui aan dat die maksimum van N\$1000 en die enkele waardes van N\$800 en N\$600 uitskieters was. Hierdie vier respondente se onlangse aktiwiteite het bestaan uit loodgieterswerk (soos die installering van geisers) en die lê van teëls, wat baie spesifieke vaardighede en opleiding vereis – nie 'n algemene eienskap van die gemiddelde dagloner nie.


Sestig uit die 77 respondente wat die betrokke vraag beantwoord het, het aangedui dat hulle wel bereid sou wees om minder as hul minimum loon te aanvaar as hulle nie tydens die vorige week gehuur is nie. Figuur 3 som die verskille op.



Figuur 3. Minimum daaglikse loon waarvoor dagloners in Windhoek bereid sou wees om 'n werksaanbod te aanvaar as hulle nie tydens die vorige week gehuur is nie, 2017

Bron: Navorsingsdata – saamgestel deur outeurs

Indien dagloners die vorige week geen werk aangebied is en/of aanvaar het nie, is die minimum bedrag waarvoor hulle bereid was om te werk beduidend laer. Die absolute minimum waarvoor die Windhoek-dagloners bereid was om dan te werk, varieer tussen N\$30 en N\$600, met 'n gemiddeld van N\$180 en 'n mediaan van N\$150. Figuur 4 ondersoek hierdie oorhoofse verskille vir elke individu.



Figuur 4. Verskil in die minimum daaglikse loon waarvoor dagloners in Windhoek bereid sou wees om 'n werksaanbod te aanvaar as hulle nie tydens die vorige week gehuur is nie vs normaalweg, 2017

Bron: Navorsingsdata – saamgestel deur outeurs

Figuur 4 toon dat die dagloners wat die minimumloon as N\$50 gestel het, bereid was om vir 40% minder te werk (N\$30) as hulle nie die vorige week in diens geneem was nie. Die grootste persentasie vermindering was 50%. 'n Dagloner was bereid om vir die helfte van die gestelde minimum van N\$1000 te werk (N\$500) indien hy die vorige week nie in diens geneem was nie. Die mediaan het met 25% van N\$200 na N\$150 gedaal. Dieselfde tendens is in die Suid-Afrikaanse opnames waargeneem (kyk Blaauw 2010).

Hierdie bevindinge bevestig weer eens die onsekerheid in die bestaan en lewens van dagloners in beide Suid-Afrika en Namibië. Dit veroorsaak dat dagloners in beide lande nie kan beplan vir die toekoms nie en dus uiters kwesbaar vir eksogene skokke is (Schenck e.a. 2020). In die geval van dagloners in Windhoek blyk dit dat enige groot afname in die omvang van die stad se konstruksiebedryf uiters nadelige gevolge vir die informele sektor in die algemeen en vir dagloners in die besonder sou inhou.

7. Die impak van veranderinge in die Namibiese makro-ekonomie en die effek van die COVID-19-pandemie en gepaardgaande inperkings

Soos in die res van die wêreld het 'n eksogene skok Namibië inderdaad in 2020 getref in die vorm van die COVID-19-pandemie. Die COVID-19-pandemie en gepaardgaande inperkings het die ekonomie van Namibië swaar getref. Die verwagting was dat die ekonomie in sy geheel in 2020 met 7,9% sou krimp weens dalings in toerisme, kleinhandel, handel en beleggings, gesondheid en onderwys (African Development Bank Group 2021). Vir Namibië se betreklik klein oop ekonomie kon hierdie krisis nie op 'n slegter tyd toegeslaan het nie (Van Wyk 2020). Alhoewel sektore soos die lugvaart, toerisme en die gasvryheidsbedryf direk deur reisbeperkings geraak word, het Namibië reeds sedert die begin van 2016 'n uitgerekte resessie beleef weens swak vertonings in die konstruksie- en mynbedryf, voortdurende droogte en 'n daling in die vraag na Namibiese uitvoere (African Development Bank Group 2021; Van Wyk 2020). Dit is hoogs waarskynlik dat sektore wat reeds gesukkel het, soos die groot- en kleinhandel, vervaardiging en konstruksie, in die toekoms nog 'n moeiliker tyd gaan beleef met die moontlike sluiting van sakeondernemings en aflegging van personeel (Van Wyk 2020).

Die resultate van hierdie studie dui daarop dat die toekomstige situasie in die konstruksiebedryf niks anders as ramspoedig vir die dagloners in Windhoek gaan wees nie. Die direkte impak van die inperkingsmaatreëls op die konstruksiebedryf in 2020 was katastrofies vir beide die formele ekonomie en informele werkers soos dagloners. Die sektor het in 2020 met 11,8% gekrimp nadat aktiwiteite in hierdie sektor as gevolg van die inperkingsmaatreëls drasties verminder het (Matthys 2021). Hierdie daling was deels te wyte aan verminderde besteding deur die regering aan siviele-ingenieurswerke as gevolg van die hertoedeling van fondse uit die ontwikkelingsbegroting na COVID-19-verwante uitgawes (Matthys 2021). Projekte in die privaat sektor is ook gedurende hierdie tydperk vertraag weens onsekerheid oor die pandemie en 'n tekort aan materiaal as gevolg van onderbrekings in die voorsieningsketting (Matthys 2021). Reeds in die drie jaar voor die pandemie het die konstruksiesektor 'n moeilike tyd beleef weens die swak ekonomie wat 'n verlangsamings in die vraag tot gevolg gehad het en beleggersvertroue in die sektor geknel het (African Development Bank Group 2021; Van Wyk 2020). Dit is vererger deur die fiskale-konsolidasie-program van die regering wat tot die uitstel van infrastruktuurprojekte en vertraagde betalings aan kontrakteurs gelei het (Matthys 2021).

Die impak van hierdie “volmaakte storm” in die konstruksiebedryf op die lewens en lewensbestaan van dagloners kan niks anders as katastrofies wees nie. Die daaglikse werkloosheidskoers was reeds in 2017 meer as 80% (kyk Tabel 2). Die vraag na informele werkers in die konstruksiebedryf sou uiteraard ook gedaal het. Voeg daarby die moontlike styging in die aanbod van informele werkers (soos wat mense wat hulle formele werk verloor, die informele sektor binnestroom) en die gevolglike ingrypende effek op lone en voedselsekerheid.

Vanweë die wisselvalligheid van indiensnamefrekwensies en die verskil in lone vir verskillende take (Blaauw 2010; Theodore e.a. 2015) is dit baie moeilik om tradisionele inkomste-maatstawwe in die daglonermark – soos die gemiddelde loon per uur – te bereken. In ’n poging om dit so goed moontlik te ondervang, is respondente gevra hoeveel hulle gewoonlik verdien in wat hulle as ’n goeie en ’n slegte maand beskou. In ’n goeie maand is die gemiddelde inkomste aangedui as N\$4 140 teenoor amper ’n kwart daarvan in ’n slegte maand: N\$1 081. In ’n goeie maand varieer dit per dagloner tussen N\$200 en N\$25 000. Die maksimum van N\$25 000 is ’n uitskieter wat deur ’n dagloner verdien is deurdat hy in daardie betrokke maand ’n groot loodgieterskontrak bekom het.

In ’n slegte maand varieer dit tussen N\$0 en N\$1 000. Die lae inkomste wat tydens ’n slegte maand verdien word, se koopkrag word verder verlaag as die aantal afhanklikes wat ’n dagloner onderhou in ag geneem word. Die gemiddelde aantal afhanklikes van die dagloners in ons steekproef was 4,7, met ’n minimum van 0, maksimum van 16, en mediaan van 4.

Ten einde verdere konteks aan die bespreking te verleen, word bogenoemde inkomstevlakke vervolgens vergelyk met die drie amptelike maandelikse armoededrempels in Namibië in 2015/2016. Die voedselarmoedelyn, laer armoedelyn en hoër armoedelyn (per persoon) was N\$293,10, N\$389,30 en N\$520,80 onderskeidelik (Namibia Statistics Agency 2016b). In Tabel 5 word vir elkeen van die armoedemaatstawwe aangedui watter persentasie van die dagloners minder verdien as die minimum maatstaf. Die persentasie dagloners wat hiervolgens in armoede lewe, is bereken per individu, as die dagloner net vir hom-/haarself moes sorg, maar ook met inagneming van die aantal afhanklikes.

Tabel 5. Verskillende tipes werk van dagloners in Windhoek in die maand wat die navorsing voorafgegaan het, 2017

Bron: Navorsingsdata – saamgestel deur outeurs

	Armoedemaatstaf in N\$					
	Voedsel (<293,10)		Laer (<389,30)		Hoër (<520,80)	
% in armoede in ’n goeie en slegte maand	Goeie maand	Slegte maand	Goeie maand	Slegte maand	Goeie maand	Slegte maand
Saam met afhanklikes	34,6	78,2	43,6	84,6	59,0	87,2
Individueel	2,6	29,5	3,8	39,7	12,8	55,1

In ’n goeie maand sou tussen 2,6 en 12,8% van die dagloners in armoede lewe – indien hulle net vir hulself moes sorg. In ’n slegte maand styg die armoedekoers na tussen 29,5 en 55,1%. In ’n goeie maand, met inagneming van die afhanklikes, is die armoedekoers tussen 34,6 en 59%. Dit verswak aansienlik tot tussen 78,2 en 87,2% in ’n slegte maand.

Die strukturele weerloosheid van dagloners in Windhoek was dus reeds in 2016 duidelik. Die impak van Namibië se makro-ekonomiese werklikheid en die COVID-19-pandemie kan nog

meer werklose dagloners in absolute armoede dompel met al die gepaardgaande maatskaplike gevolge. Hierdie situasie gaan in alle waarskynlikheid nie gou verbeter nie. Dit is baie duidelik as mens die goedkeuring van bouplanne ('n leidende aanduider van toekomstige konstruksie-aktiwiteite) in ag neem. Hierdie syfer was ook steeds onder druk, met 'n daling van 41% in die laaste kwartaal van 2020 (Matthys 2021).

Soos baie ander lande het die Namibiese regering binne die fiskale beperkinge in die owerheid se finansies verskeie maatreëls aangekondig in 'n poging om die impak van die pandemie op die land se ekonomie en mense te versag (Van Wyk 2020). Van die tersaaklike stimulerings- en verligtingsmaatreëls wat in 2020 aangekondig is, is die volgende:

- Noodinkomstetoelae ter waarde van altesaam N\$562 miljoen is goedgekeur ter ondersteuning van werknemers wat hul werk weens die pandemie en die effek daarvan verloor het. Dit behels 'n eenmalige betaling van N\$750 vir mense wat hul werk verloor het.
- N\$400 miljoen is toegewys vir loonsubsidies om ondernemings te help om werknemers in die toerisme-, reis- en lugvaart- en konstruksiesektor in diens te hou.
- Die Ontwikkelingsbank van Namibië sal 'n leningskema van N\$500 miljoen fasiliteer vir klein sakeondernemings in die nielandbousektor wat 'n aansienlike verlies aan inkomste ondervind het (Van Wyk 2020).

Hoewel dit te gou is om oor die effek van bogenoemde maatreëls te oordeel, moet daar in gedagte gehou word dat hierdie maatreëls hoofsaaklik op die formele sektor gerig is. Dagloners en andere in die informele ekonomie mag bes moontlik nie direk hierby baat vind nie. Die vooruitsigte vir baie sakeondernemings in Namibië lyk voorts uiters donker ten spyte van bogenoemde hulpmaatreëls. Aangesien die ekonomie reeds swaarkry, kan die pandemie se gevolge die laaste strooi vir baie ondernemings wees (Van Wyk 2020). Volgens 'n gesamentlike markopname deur FNB Namibië en RMB Namibië glo slegs 16% van die ondernemings in hulle steekproef dat hulle hul volle arbeidsmag tydens die COVID-19-pandemie sal kan behou, en 39% glo dat hulle hul arbeidsmag noodgedwonge met die helfte sal moet verminder (Van Wyk 2020). Indien hierdie scenario 'n werklikheid word, kan die situasie in die daglonermark in Namibië baie vinnig nog meer desperaat raak.

8. Gevolgtrekking en verdere studies

Die ekonomie van Namibië verkeer reeds sedert 2016 onder beduidende druk. Die koms van die COVID-19-pandemie het die volmaakte storm in die land se ekonomie veroorsaak met werksverliese en stygende werkloosheid aan die orde van die dag. Die impak van die pandemie word deur die hele ekonomie gevoel. Beide die formele en die informele sektor gaan gebuk onder die onmiddellike effek van die pandemie. Die daglonermark is geen uitsondering nie. Die volledige prentjie met betrekking tot die langtermyngevolge van die pandemie sal slegs in die toekoms sigbaar wees, maar die korttermyngevolge hou beslis 'n bedreiging in vir die informele daglonermark.

Die resultate toon dat die posisie van dagloners reeds voor die aanvang van die afswaai in die Namibiese ekonomie struktureel uiters kwesbaar was. Onsekere indiensnemingspatrone het

daartoe gelei dat gemiddeld agt uit elke tien dagloners in Windhoek daaglik onsuksesvol is in hulle soektog na tydelike werk en dus daaglik as werkloos beskou kan word. Die inkome wat hulle verdien, is dus onvoorspelbaar en meestal nie genoeg om in hulle en hul afhanklikes se behoeftes te voorsien nie. Die pandemie se gevolge mag daartoe lei dat die arbeidsaanbod steeds groter word in Windhoek se daglonermark, wat hoogs waarskynlik tot laer gemiddelde lone sal lei. Voorts voorspel die resultate van die studie ook dat daar in so 'n scenario 'n al hoe groter wordende verskil sal wees tussen die minimumloon waarvoor dagloners graag 'n werk sou wou aanvaar en die werklike loon waarvoor hulle dikwels gedwing word om te werk. Dié scenario laat ernstige bedenkinge ontstaan oor die mening dat die informele sektor as 'n skokbreker in tye van ekonomiese krisis funksioneer. Hierdie negatiewe (en eintlik rampspoedige) gevolge gaan na alle waarskynlikheid blywend van aard wees. Navorsers is dit eens dat dit reeds feitlik onmoontlik is vir 'n dagloner om in Suid-Afrika en Namibië vanuit hierdie informele arbeidsmark na die formele sektor te verskuif (Schenck en Blaauw 2008). Die gesamentlike effek van Namibië se makro-ekonomiese situasie en die pandemie op Windhoek se dagloners kan gesien word as 'n eksogene skok wat beide die permanente en die langtermynnaard van daglonerwerk verder verstewig.

Die langtermynneffek op dagloners in Windhoek kan dus op maatskaplike en ekonomiese terreine verwoesting saai as in ag geneem word dat die meerderheid van die dagloners reeds voor die pandemie onder die broodlyn gelewe het (soos duidelik uit die resultate van hierdie studie blyk). Die enigste wyse om sinvolle maatskaplike ondersteuning te kan bied, is om 'n duidelike prentjie van die huidige situasie in die Namibiese hoofstad te ontwikkel. Daarvoor is dringende navorsing op 'n multidissiplinêre vlak gebiedend noodsaaklik.

Deel van hierdie agenda moet diepgaande kwalitatiewe studies insluit. As deel hiervan moet die spesifieke uitdagings wat interne migrante in die gesig staar, bestudeer word. Aspekte soos die kontak met die familie wat agtergebly het, die oorbetalings aan hulle en die effek op gesinstrukture is voorbeelde van 'n toekomstige navorsingsagenda in dié verband. Dit is voorts noodsaaklik om dié tipe studies na kusdorpe soos Walvisbaai en Swakopmund asook die res van Namibië uit te brei om die impak van die pandemie op die informele ekonomie beter te verstaan. Navorsers en beleidmakers is dit verskuldig aan hierdie struktureel weerlose mense wat daaglik steeds probeer om in die daglonermark 'n inkome te verdien en vir hulle kinders 'n beter toekoms te probeer voorsien.

Bibliografie

African Development Bank Group. 2021. Namibia Economic Outlook. African Development Bank Group. <https://www.afdb.org/en/countries/southern-africa/namibia/namibia-economic-outlook> (20 Augustus 2021 geraadpleeg).

Blaauw, P.F. 2010. The socio-economic aspects of day labouring in South Africa. DCom-proefskrif, Universiteit van Johannesburg.

Blaauw, P.F., I. Botha en C.J. Schenck. 2018. The subjective well-being of day labourers in South Africa: The role of income and geographical location. *South African Journal of Economic and Management Sciences*, 21(1), a2087. <https://doi.org/10.4102/sajems.v21i1.2087> (20 Augustus 2021 geraadpleeg).

Blaauw, P.F., H. Louw en C.J. Schenck. 2006. The employment history of day labourers in South Africa and the income they earn. A case study of day labourers in Pretoria. *South African Journal of Economics and Management Sciences*, 9(4):1–14.

Blaauw, P.F., A.M. Pretorius, C.H. Schoeman en C.J. Schenck. 2012. Explaining migrant wages: the case of Zimbabwean day labourers in South Africa. *International Business & Economics Research Journal*, 11(12):1333–46.

Blaauw, P.F., C.J. Schenck, A.M. Pretorius en C.H. Schoeman. 2017. All quiet on the social work front: Experiences of Zimbabwean day labourers in South Africa. *International Social Work*, 60(2):351–65.

Chen, M., J. Vanek en J. Heintz. 2006. Informality, gender, and poverty: A global picture. *Economic and Political Weekly*, ble. 2131–9.

City of Windhoek. 1996. *The Windhoek Structure Plan*. Windhoek: City of Windhoek.

Crush, J., A. Chikanda en C. Skinner. 2015. *Mean streets: Migration, xenophobia and informality in South Africa*. Kaapstad: Southern African Migration Programme.

De Soto, H. 1989. *The other path: The invisible revolution in the Third World*. New York: Harper and Row.

Diener, E. en M.Y. Chan. 2011. Happy people live longer: Subjective well-being contributes to health and longevity. *Applied Psychology: Health and Wellbeing*, 3(1):1–43. <https://doi.org/10.1111/j.1758-0854.2010.01045.x>.

Foster, J. en M. Chasomeris. 2017. Examining car guarding as a livelihood in the informal sector. *Local Economy*, 32(6):525–38. <https://doi.org/10.1177/0269094217727990>.

Gonzo, W. en I.E. Plattner. 2003. *Unemployment in an African country: a psychological perspective*. Windhoek: University of Namibia Press.

Guha-Khasnobis, B. en R. Kanbur. 2006. Introduction: Informal markets and development. In Guha-Khasnobis en Kanbur (reds.) 2006.

Guha-Khasnobis, B. en R. Kanbur (reds.). 2006. *Informal Labour Markets and Development*. UNU-WIDER Studies in Development Economics and Policy, Helsinki: Palgrave Macmillan.

Hart, K. 1973. Informal income opportunities and urban employment in Ghana. *Journal of Modern African Studies*, 11(1):62–89.

Humavindu, M.N. en J. Stage. 2013. Key sectors of the Namibian Economy. *Journal of Economic Structures*, 2(1), <https://doi.org/10.1186/2193-2409-2-1> (21 Augustus 2021 geraadpleeg).

Kistan, J., V. Ntlebi, F. Made, T. Kootbodien, K. Wilson, N. Tlotleng, S. Kgalamono, A. Mathee en N. Naicker. 2020. Health care access of informal waste recyclers in

Johannesburg, South Africa. *PLoS ONE*, 15(7):e0235173. <https://doi.org/10.1371/journal.pone.0235173> (1 November 2020 geraadpleeg).

Louw, H. 2007. Men at the margins: Day labourers at informal hiring sites in Tshwane. PhD-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Macrotrends. 2021. Windhoek, Namibia Metro Area Population 1950–2021. *Macrotrends*. <https://www.macrotrends.net/cities/21925/windhoek/population> (23 Augustus 2021 geraadpleeg).

Mapendere, P. 2019. Exploring risks and resilience experienced by day labourers at a hiring site in Cape Town. MA-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland.

Mapendere, P., C.J. Schenck en P.F. Blaauw. 2019. “Half a loaf is better than nothing”: the risks and resilience of day labourers in Cape Town. *Social Work / Maatskaplike Werk*, 55(3):311–28.

Matthys, D. 2021. Construction sector performance declined by 11.8% in 2020 – Economist. *Namibia Economist*, 20 May 2021. <https://economist.com.na/61510/markets/construction-sector-performance-declined-by-11-8-in-2020-economist> (22 Augustus 2021 geraadpleeg).

McKeever, M. 2007. Fall back or spring forward? Labor market transitions and the informal economy in South Africa. *Research in Social Stratification and Mobility*, 24:73–87.

Meléndez, E.J., M.A. Visser, A. Valenzuela jr. en N. Theodore. 2016. Day labourers’ work-related injuries: An assessment of risks, choices, and policies. *International Migration*, 54(3):5–19.

Mosala, T. en P.F. Blaauw. 2009. *The employment history and income of day labourers in Maseru, Lesotho*. Ongepubliseerde navorsingsartikel, Universiteit van Johannesburg.

Namibia Statistics Agency. 2016a. *The Namibia Labour Force Survey, 50–51, 2016*. Windhoek: Government Printers.

—. 2016b. Namibia Household Income and Expenditure Survey (NHIES) 2015/2016, Key Poverty Indicators (Preliminary Figures). Namibia Statistics Agency. https://cms.my.na/assets/documents/NHIES_2016_Key_Poverty_Indicators_Preliminary_Figures.pdf (22 Augustus 2021 geraadpleeg).

Rakabe, E. 2020. Eddie Rakabe: Informal business relief isn’t hitting the mark. *Fin24*. <https://www.fin24.com/Opinion/eddie-rakabe-informal-business-relief-isnt-hitting-the-mark-20200416-2> (20 April 2020 geraadpleeg).

Rostow, W.W. 1960. *The five stages of growth: A summary. The stages of economic growth: A non-communist manifesto*. Cambridge, Massachusetts: Cambridge University Press.

Rubin, A. en E. Babbie. 1997. *Research methods for social work*. Pacific Grove, Kalifornië: Brooks Cole.

- Saunders, S.G. 2005. Estimates of the informal economy in South Africa: some macroeconomic policy implications. PhD-proefskrif, Universiteit van Johannesburg.
- Schenck, C.J. en P.F. Blaauw. 2008. Day labourers in Pretoria, Windhoek and the United States – a comparison of two capitals and a different world. *Acta Commercii*, 8:90–102.
- Schenck, R., D. Blaauw en M. Matthee. 2020. Max-Neef en die strukturele kwesbaarheid van dagloners in Mbombela en Emalahleni, Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(1):142–63. <http://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2020/v60n1a11>.
- Schenck, R. en H. Louw. 2005. An exploratory study on day labourers in Elardus Park, Pretoria. *Social Work / Maatskaplike Werk*, 41(1):84–95.
- Smith, M. 2020. *Social justice vulnerabilities and marginalised communities: a case study of day labourers in Mbekweni*. MA-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland.
- Theodore, N. 2020. Regulating informality: Worker centers and collective action in day labor markets. *Growth and Change*, 51(1):144–60.
- Theodore, N., D. Blaauw, A. Pretorius en C. Schenck. 2017. The socioeconomic incorporation of immigrant and native-born day labourers in Tshwane, South Africa. *International Migration*, 55(1):142–56. <https://doi.org/10.1111/imig.12311>.
- Theodore, N., D. Blaauw, C. Schenck, A. Valenzuela jr., C. Schoeman en E.J. Meléndez. 2015. Day labor, informality and vulnerability in the United States and South Africa. *International Journal of Manpower*, 36(6):807–23.
- Theodore, N., A. Valenzuela jr. en E. Meléndez. 2009. Worker centers: Defending labor standards for migrant workers in the informal economy. *International Journal of Manpower*, 30(5):422–36. <https://doi.org/10.1108/01437720910977634>.
- Tradingeconomics. 2021a. Namibia unemployment rate. *Tradingeconomics*. <https://tradingeconomics.com/namibia/unemployment-rate> (9 Augustus 2021 geraadpleeg).
- . 2021b. Namibia GDP Annual Growth Rate. *Tradingeconomics*. <https://tradingeconomics.com/namibia/gdp-growth-annual> (9 Augustus 2021 geraadpleeg).
- Valenzuela, A. jr. 2003. Day-Labor Work. *Annual Review of Sociology*, 29(1):307–33.
- Valenzuela, A. jr., N. Theodore, E. Meléndez en A.L. Gonzalez. 2006. *On the corner: Day labor in the United States*. Los Angeles, Kalifornië: UCLA.
- Van Wyk, D. 2020. *Namibia Banking Review: Impact of COVID-19*. Windhoek: IJG Securities.
- Visser, M.A. 2017. A floor to exploitation? Social economy organizations at the edge of a restructuring economy. *Work, Employment, and Society*, 31(5):782–99. <https://doi.org/10.1177/0950017016638020>.

Visser, M.A., N. Theodore, E.J. Meléndez en A. Valenzuela jr. 2017. From economic integration to socioeconomic inclusion: Worker centers and the social inclusion of day laborers. *Urban Geography*, 38(2):243–65.

Wilson, T.D. 2011. Introduction: Approaches to the informal economy. *Urban Anthropology*, 40(3–4):205–21.

Xweso, M.P. 2019. Challenges and lived experiences of day labourers in East London. MA-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland.

Yusuff, O. 2011. A theoretical analysis of the concept of informal economy and informality in developing countries. *European Journal of Social Sciences*, 20:624–36.

Eindnota

¹ Die Namibiese dollar (N\$) verhandel teen pariteit met die Suid-Afrikaanse rand (ZAR, of R).